# Stellenbosch University

## FAQ: Engineering Online Open Day 2023

# FREQUENTLY ASKED QUESTIONS / GEREELDE VRAE

### Q1: Whom can I contact if I'm interested in enrolling for studies at the Faculty of Engineering?

- Please click HERE to obtain access to the contact details of our some of our staff members in the Dean's Division at the Faculty of Engineering. Please also feel free to click on the following links to obtain additional information regarding our five departments:
    - http://www.ie.sun.ac.za
    - http://www.ee.sun.ac.za
    - https://www.mecheng.sun.ac.za
    - http://process.sun.ac.za
    - http://www.civeng.sun.ac.za

### V1: Wie kan ek kontak indien ek belangstel om by die Fakulteit Ingenieurswese in te skryf?

- Klik asseblief HIER om toegang te verkry tot die kontakbesonderhede van sommige van ons personeellede in die Dekaansafdeling by die Fakulteit Ingenieurswese. Klik ook gerus op die onderstaande skakels om bykomende inligting te verkry rakende ons vyf departemente:
    - http://www.ie.sun.ac.za
    - http://www.ee.sun.ac.za
    - https://www.mecheng.sun.ac.za
    - http://process.sun.ac.za
    - http://www.civeng.sun.ac.za

---

### Q2: What is the language of instruction for the BEng degree programme?

- All undergraduate programmes are accessible for students who studied in English or Afrikaans at school. The language offering is broadly as follows: Modules of the first year, with a few exceptions, are offered in both English and Afrikaans lectures (parallel sessions in different class groups), as are some modules in the first semester of the second year; in the other modules, English lectures are offered, with Afrikaans summaries up to the third year.
- All test and exam papers are made available in both English and Afrikaans and students are free to write any paper or assignment in either English or Afrikaans.
- All postgraduate programmes are offered in English.

## V2: Wat is die onderrigtaal vir die BIng-graadprogram?

- Alle voorgraadse programme is toeganklik vir studente wat op skool Engels of Afrikaans studeer het. Die taalaanbieding is in die algemeen soos volg: Modules van die eerste jaar word, met enkele uitsonderings, aangebied in sowel Engelse as Afrikaanse lesings (parallelle sessies in verskillende klasgroepe), en dit geld ook enkele modules in die eerste semester van die tweede jaar; in die ander modules word Engelse lesings aangebied, met Afrikaanse opsommings tot die derde jaar.
- Alle toets- en eksamenvraestelle word in sowel Engels as Afrikaans beskikbaar gestel, en dit staan studente vry om enige vraestel of werkopdrag in Engels of Afrikaans te skryf.
- Alle nagraadse programme word in Engels aangebied.

---

## Q3: What about professional accreditation and international recognition of the BEng degree programme?

- All the BEng programmes of the Faculty of Engineering have been accredited by the Engineering Council of South Africa (ECSA), giving graduates access to registration as professional engineers after acquiring the relevant experience in practice.
- In line with the Washington Accord, the Faculty of Engineering BEng degrees are recognised worldwide in countries such as Australia, Canada, New Zealand, the United Kingdom and the USA, to name but a few.

## V3: Wat van professionele akkreditasie en internasionale erkenning van die BIng-graadprogram?

- Al die BIng-programme van die Fakulteit Ingenieurswese is deur die Ingenieursraad van Suid-Afrika (ECSA) geakkrediteer en gee graduandi toegang tot registrasie as professionele ingenieurs nadat hulle die toepaslike ervaring in die praktyk opgedoen het.
- Ingevolge die Washington-verdrag word die BIng-grade van die Fakulteit Ingenieurswese wêreldwyd erken in lande soos onder andere Australië, Kanada, Nieu-Seeland, die Verenigde Koninkryk en die VSA.

---

## Q4: Where can I find information regarding the tuition fees for my degree programme?

- Please click HERE for the estimated tuition fees per faculty.

## V4: Waar kan ek inligting bekom oor die studiegelde vir my graadprogram?

- Klik asseblief HIER vir die geraamde studiegelde per fakulteit.

---

## Q5: What are the minimum criteria and selection criteria for the BEng degree programme?

- The National Benchmark Tests (NBTs) is not compulsory for students who apply to study engineering. However, please visit www.maties.com on a regular basis to obtain the latest news regarding the NBTs for the 2023 intake.
- Please click HERE to obtain information regarding the selection criteria for BEng degree programmes. This information will be updated before the Virtual Open Day takes place on 9 April 2022.

## V5: Wat is die minimum kriteria en keuringskriteria vir die BIng-graadprogram?

- Die Nasionale Normtoetse (NBT's) is nie verpligtend vir studente wie aansoek doen vir studies in Ingenieurswese nie. Besoek egter www.maties.com op 'n gereelde basis om die jongste nuus oor die NBT's vir die 2023-inname te verkry.

- Klik asseblief HIER om inligting rakende die keuringskriteria vir BIng-graadprogramme te verkry. Hierdie inligting sal voordat die Virtuele Opedag op 9 April 2022 plaasvind, bygewerk word.

---

## Q6: What Admission Point Score (APS) should I obtain to qualify for BEng studies at SU?

- SU has a new admissions policy, which does not involve calculating an APS. Instead, our students need to obtain a specific selection score to qualify for BEng studies at SU. This score is calculated as follows:
  - (Mathematics %) + (Physical Sciences %) + (6 x matric average)
- The 6 x matric average is calculated using the six best matric subjects (including Mathematics and/or Physical Sciences, if they are one of the six best matric subjects), but this score never includes the Life Orientation mark. This means that, if you've obtained 100% for all your matric subjects (excluding Life Orientation), then the maximum selection score is 800 (100 + 100 + (6 x 100) = 800).
- The table below gives an indication (subject to annual updates) of the selection score that a prospective student would need to obtain to be granted immediate provisional acceptance for BEng studies at SU.

## V6: Watter Toelatingspunttelling (TPT) moet ek behaal om vir BIng-studies aan die US te kwalifiseer?

- Die US het 'n nuwe toelatingsbeleid, wat nie die berekening van 'n TPT behels nie. In plaas daarvan moet ons studente 'n spesifieke keuringspunt verwerf om vir BIng-studies aan die US te kwalifiseer. Hierdie telling word soos volg bereken:
  - (Wiskunde %) + (Fisiese Wetenskappe %) + (6 x matriekgemiddelde)
- Die 6 x matriekgemiddelde word bereken deur die ses beste matriekvakke te gebruik (insluitende Wiskunde en/of Fisiese Wetenskappe, as dit een van die ses beste matriekvakke is), maar die telling sluit nooit die Lewensoriënteringpunt in nie. Dit beteken as jy 100% vir al jou matriekvakke behaal het (Lewensoriëntering uitgesluit), is die maksimum keuringspunt 800 (100 + 100 + (6 x 100) = 800).
- Die onderstaande tabel gee 'n aanduiding (onderworpe aan jaarlikse bywerking) van die keuringspunt wat 'n voornemende student sal moet verwerf om onmiddellik voorlopige aanvaarding tot BIng-studies aan die US te verkry.

| 4-Year BEng Programme | Chemical | Civil | Electrical &Electronic (Data Eng) | Electrical &Electronic (other) | Industrial | Mecha-nical | Mecha-tronics |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Minimum Selection Score | 620 | 600 | 620 | 600 | 600 | 620 | 620 |
| Minimum Average | 75% | | | | | | |
| Minimum Mathematics | 75% | 75% | 80% | 75% | 75% | 75% | 75% |
| Minimum Physical Science | 65% | | | | | | |

---

## Q7: Which of my school marks are used to apply for admission to BEng studies at Stellenbosch University?

- Provisional admission to Stellenbosch University (SU) is granted based on your Grade 11 final examination results.
- Please note that the National Senior Certificate (NSC), IEB qualification or equivalent results remain the determining factor for final admission.
- You may only upload your Grade 11 final examination results if you are currently in Grade 12. If you have already completed Grade 12, or if you are repeating Grade 12, please upload a copy of the final Grade 12 certificate. No other results will be taken into consideration.

## V7: Watter van my skoolpunte word gebruik om aansoek te doen om BIng-studies aan die Universiteit Stellenbosch?

- Voorlopige toelating tot die Universiteit Stellenbosch (US) word toegestaan op grond van jou graad 11-eindeksamenuitslae.
- Let asseblief daarop dat die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS), IEB-kwalifikasie of gelykwaardige uitslae die bepalende faktor vir finale toelating bly.
- Jy mag jou graad 11-eindeksamenuitslae slegs oplaai indien jy tans in graad 12 is. As jy reeds graad 12 voltooi het, of as jy graad 12 herhaal, laai asseblief 'n afskrif van jou finale graad 12-sertifikaat op. Geen ander resultate sal in ag geneem word nie.

---

## Q8: I do not meet the selection criteria for BEng studies with my Grade 11 final examination results. What other degree courses will allow me to ultimately get into engineering?

- If you meet the admission requirements, you can enrol for any BSc degree programme – as long as the following modules are included in the first year of the degree programme: Mathematics 114, Mathematics 144, Physics and Chemistry. If you successfully complete these modules during the first year of the degree programme, you can submit an application to switch over to Engineering. We usually accept students for the BEng degree programme if they have successfully completed the entire first year of the BSc degree programme.
- If you meet the admission requirements, another viable option would be to enrol for a BScAgric (Forestry) programme in Wood and Wood Product Science. The first year of this programme includes many of the same modules that our first-year BEng students need to complete during their first year (BScAgric and BEng students attend quite a few of the same classes).

## V8: Ek voldoen nie aan die keuringskriteria vir BIng-studies met my graad 11-eindeksamenuitslae nie. Watter ander graadkursusse sal my toegang tot ingenieurswese bied?

- As jy aan die toelatingsvereistes voldoen, kan jy vir enige BSc-graadprogram inskryf, solank die volgende modules in die eerste jaar van die graadprogram ingesluit is: Wiskunde 114, Wiskunde 144, Fisika en Chemie. As jy hierdie modules suksesvol gedurende die eerste jaar van die graadprogram voltooi het, kan jy 'n aansoek indien om oor te skakel na Ingenieurswese. Ons aanvaar gewoonlik studente vir die BIng-graadprogram as hulle die volle eerste jaar van die BSc-graadprogram suksesvol voltooi het.
- As jy aan die toelatingsvereistes voldoen, is 'n ander opsie om in te skryf vir 'n BScAgric (Bosbou)-program in Hout- en Houtprodukwetenskap. Die eerste jaar van hierdie program bevat baie van dieselfde modules wat ons eerstejaar-BIng-studente gedurende hul eerste jaar moet voltooi (BScAgric- en BIng-studente woon 'n hele paar van dieselfde klasse by).

---

**Q9: I do not meet the selection criteria for BEng studies with my Grade 11 final examination results. Does SU offer a bridging course?**

- The SciMathUS programme offers learners who have already passed Grade 12 (with an average mark of at least 60%), but who do not qualify for higher education, a second opportunity to improve their NSC results (with regard to specific subjects). Obtaining improved NSC results will enable these learners to reapply for university programmes.
- Please visit SciMathUS for additional information in this regard.

**V9: Ek voldoen nie aan die keuringskriteria vir BIng-studies met my graad 11-eindeksamenuitslae nie. Bied die US 'n oorbruggingskursus aan?**

- Die SciMathUS-program bied aan leerders wat reeds graad 12 geslaag het (met 'n gemiddelde punt van minstens 60%), maar wat nie vir hoër onderwys kwalifiseer nie, 'n tweede geleentheid om hul NSS-uitslae te verbeter (met betrekking tot spesifieke vakke). Deur die verbeterde NSS-uitslae te behaal, kan hierdie leerders weer aansoek doen om universiteitsprogramme.
- Besoek gerus SciMathUS vir bykomende inligting in hierdie verband.

---

**Q10: Could you provide me with a bit more information regarding the Extended Degree Programmes?**

- The Extended Degree Programmes (EDPs) were introduced to help prospective students, whose schooling has not prepared them adequately, to master the BEng programmes. These EDPs offer alternative access to the programmes offered by the Faculty of Engineering.
- The EDPs require one extra year of study, which precedes the curriculum of the mainstream programmes. Students who have completed this extra year successfully, and who meet certain additional requirements, may continue with the curriculum of the mainstream degree programmes of the Faculty of Engineering.
- A limited number of students are selected for the EDPs and preference is given to students from disadvantaged environments. One cannot apply for an EDP. However, prospective students who have applied for a four-year mainstream BEng programme, and who have not been admitted, will be considered for admission to the EDPs, provided they meet the admission requirements for the EDPs.
- Admission requirements for the EDP only:
  - An NSC with admission to bachelor's studies, or an exemption certificate by the Matriculation Board
  - An average of at least 60% in the NSC
  - An NSC Mathematics mark of at least 60%
  - An NSC Physical Sciences mark of at least 50%
  - NSC language marks that meet one of the following requirements:
    - English Home Language 50%, with no Afrikaans requirement OR
    - English First Additional Language 60%, with no Afrikaans requirement OR
    - English First Additional Language 50% AND Afrikaans Home Language 50% OR
    - English First Additional Language 50% AND Afrikaans First Additional Language 60%
  - Over and above the aforementioned requirements, candidates are subject to selection according to the criteria discussed above.

**V10: Kan ek 'n bietjie meer inligting kry oor die Verlengde Graadprogramme?**

- Die Verlengde Graadprogramme (VGP's) is ingestel om voornemende studente, wie se opleiding hulle nie voldoende voorberei het nie, te help om die BIng-programme te bemeester. Hierdie VGP's bied alternatiewe toegang tot die programme wat deur die Fakulteit Ingenieurswese aangebied word.

- Die VGP's vereis een ekstra studiejaar, wat die kurrikulum van die hoofstroomprogramme voorafgaan. Studente wat hierdie ekstra jaar suksesvol voltooi het en wat aan sekere bykomende vereistes voldoen, kan voortgaan met die kurrikulum van die hoofstroomgraadprogramme van die Fakulteit Ingenieurswese.
- 'n Beperkte aantal studente word gekies vir die VGP's en voorkeur word gegee aan studente uit benadeelde omgewings. Jy kan nie aansoek doen om 'n VGP nie. Voornemende studente wat aansoek gedoen het om 'n vierjarige hoofstroom-BIng-program en wat nie toegelaat is nie sal egter oorweeg word vir toelating tot die VGP's, mits hulle aan die toelatingsvereistes vir die VGP's voldoen.
- Toelatingsvereistes slegs vir die VGP's:
  - 'n NSS met toelating tot baccalaureusstudie, of 'n vrystellingsertifikaat deur die Matrikulasieraad
  - 'n Gemiddelde van minstens 60% in die NSS
  - 'n NSS-Wiskunde-punt van minstens 60%
  - 'n NSS-Fisiese Wetenskappe-punt van minstens 50%
  - NSS-taalpunte wat aan een van die volgende vereistes voldoen:
    - Engels Huistaal 50%, sonder Afrikaansvereiste OF
    - Engels Eerste Addisionele Taal 60%, sonder Afrikaansvereiste OF
    - Engels Eerste Addisionele Taal 50% EN Afrikaans Huistaal 50% OF
    - Engels Eerste Addisionele Taal 50% EN Afrikaans Eerste Addisionele Taal 60%
  - Benewens bogenoemde vereistes is kandidate onderhewig aan keuring volgens die kriteria wat hier bo bespreek is.

---

### Q11: Where and when can I apply and what is the application closing date for BEng studies at SU in 2023?

- Applications for undergraduate degree programmes can only be done online via the SU website (www.maties.com) between 6 April and 31 July 2022 for the 2023 intake of students.
- Application closing date: 31 July 2022.

### V11: Waar en wanneer kan ek aansoek doen en wat is die sluitingsdatum vir 2023 vir BIng-studies aan die US?

- Aansoeke om voorgraadse studie-programme kan slegs aanlyn gedoen word via die US-webwerf (www.maties.com) tussen 6 April en 31 Julie 2022 vir die inname van studente in 2023.
- Sluitingsdatum vir aansoeke: 31 Julie 2022.

---

### Q12: Where can I find information regarding application procedures, bursaries and loans, study fees, residences and private accommodation?

- Please visit www.sun.ac.za/english/maties for information in this regard. You can also obtain bursary-related information by visiting www.eng.sun.ac.za/company-bursaries or www.zabursaries.co.za or www.gostudy.net.

### V12: Waar kan ek inligting vind oor aansoekprosedures, beurse en lenings, studiegeld, koshuise en privaat verblyf?

- Besoek gerus www.sun.ac.za/english/maties vir inligting hieroor. Jy kan ook beursverwante inligting bekom deur www.eng.sun.ac.za/company-bursaries of www.zabursaries.co.za of www.gostudy.net te besoek.

---

## Q13: How do I apply for an NSFAS bursary?

- Please click HERE to apply for NSFAS assistance or to obtain information regarding application closing dates.

## V13: Hoe doen ek aansoek om 'n NSFAS-beurs?

- Klik asseblief HIER om aansoek te doen om NSFAS-hulp of om inligting te bekom rakende die sluitingsdatums vir aansoeke.

---

## Q14: What support structures are in place at SU to support me in my transition from school to university?

- Two staff members in the Dean's Division are assigned to support first-year students. In addition, the Faculty has appointed two independent educational psychologists to assist you with study methods, time management, etc.
- All registered students are invited to make use of the student support services at Student Affairs. They will be able to assist you with the following:
    - Aptitude, interest and career tests
    - Career planning
    - Communication skills
    - Conflict management
    - Dealing with stress and depression
    - Healthcare services
    - Life skills training
    - Reading skills
    - Relationship problems
    - Support for students with special needs or disabilities
    - Time management

## V14: Watter ondersteuningstrukture is daar by die US om my in my oorgang van skool na universiteit te ondersteun?

- Twee personeellede in die Dekaansafdeling is toegewys om eerstejaarstudente te ondersteun. Daarbenewens het die Fakulteit twee onafhanklike opvoedkundige sielkundiges aangestel om jou te help met studiemetodes, tydsbestuur, ens.
- Alle geregistreerde studente word uitgenooi om van die studentedienste by Studentesake gebruik te maak. Hulle kan jou met die volgende help:
    - Aanleg-, belangstellings- en beroepstoetse
    - Beroepsbeplanning
    - Die hantering van spanning en depressie
    - Gesondheidsorgdienste
    - Kommunikasievaardighede
    - Konflikhantering
    - Leesvaardighede
    - Lewensvaardigheidsopleiding

- Ondersteuning vir studente met spesiale behoeftes of gestremdhede
- Tydsbestuur
- Verhoudingsprobleme

---

**Q15: Where can I find important SU dates for 2023?**

- Please click HERE to obtain information regarding important dates for 2023.

**V15: Waar kan ek belangrike US-datums vir 2023 vind?**

- Klik asseblief HIER vir inligting oor belangrike datums vir 2023.

---

**Q16: Where can I find the Engineering Calendar for 2022?**

- Please click HERE to obtain access to the Engineering Calendar for 2022.

**V16: Waar kan ek die Ingenieurswese-jaarboek vir 2022 vind?**

- Klik asseblief HIER om toegang te verkry tot die Ingenieurswese-jaarboek vir 2022.

---

**Q17: Could you provide me with a bit more information regarding textbooks for first-year students?**

- First-year students can order their textbooks online during the Welcoming Week in 2023 at the University.
- The Welcome Programme in 2023 will include a web link for the ordering of textbooks online. Students will receive information during that same week with regard to which textbooks to order, the price per textbook as well as when/where the textbooks can be collected.
- The cost of these textbooks is deducted from your student account and is not included in the annual tuition fees – as such, payment does not have to be made in advance.

**V17: Kan ek 'n bietjie meer inligting kry oor handboeke vir eerstejaarstudente?**

- Eerstejaarstudente kan hul handboeke aanlyn tydens die Verwelkomingsweek in 2023 by die Universiteit bestel.
- Die Verwelkomingsprogram in 2023 bevat 'n webskakel vir die aanlyn bestelling van handboeke. Studente sal gedurende dieselfde week inligting ontvang oor watter handboeke om te bestel, die prys per handboek, asook wanneer/waar die handboeke afgehaal kan word.
- Die koste van hierdie handboeke word van jou studenterekening afgetrek en is nie by die jaarlikse studiegeld ingesluit nie. Jy hoef dus nie vooraf daarvoor te betaal nie.

---

**Q18: Will I have access to WiFi at SU?**

- All registered students have free access, and use of, the Internet on campus and in University residences.

**V18: Sal ek toegang tot WiFi by die US hê?**

- Alle geregistreerde studente het gratis toegang tot en gebruik van die internet op die kampus en in Universiteitskoshuise.

---

**Q19: Do I need a laptop/internet-enabled device/computer to study at SU?**

- SU follows a blended teaching and learning approach, which includes both online learning and in-person classes. It is therefore important for students to have access to an internet-enabled device, preferably a laptop. With the uncertainty that has been brought about by the Covid-19 pandemic, it is now more crucial than ever for students to have the right equipment to access online classes.

**V19: Benodig ek 'n skootrekenaar/internet-geaktiveerde toestel/rekenaar om aan die US te studeer?**

- Die US volg 'n gemengde onderrig- en leerbenadering, wat sowel aanlyn leer as persoonlike klasse insluit. Dit is dus belangrik dat studente toegang het tot 'n internet-geaktiveerde toestel, verkieslik 'n skootrekenaar. Met die onsekerheid wat die Covid-19-pandemie teweegbring, is dit nou belangriker as ooit tevore dat studente oor die regte toerusting beskik om toegang tot aanlyn klasse te verkry.

---

**Q20: What are the recommended minimum laptop specifications?**

- Please click HERE for more information with regard to the recommended laptop specifications.

**V20: Wat is die aanbevole minimum skootrekenaarspesifikasies?**

- Klik asseblief HIER vir meer inligting oor die aanbevole skootrekenaarspesifikasies.

---

**Q21: Does SU have IT labs where I can access a computer if I do not have my own laptop?**

- Yes, computers at our Computer User Areas are equipped with the most updated licenced software and these facilities are open to all students.

**V21: Het die US IT-laboratoriums waar ek toegang tot 'n rekenaar kan verkry as ek nie my eie skootrekenaar het nie?**

- Ja, rekenaars in ons Rekenaargebruikersareas is toegerus met die nuutste gelisensieerde sagteware en hierdie fasiliteite is beskikbaar aan alle studente.

---

**Q22: When will the Engineering Winter Week 2022 take place?**

- The Engineering Winter Week will take place from 26 June to 1 July 2022 and you can obtain additional information in this regard by clicking on THIS link (or by sending your enquiry to winterweek@sun.ac.za). Please also "like" our social media platforms on www.eng.sun.ac.za to ensure that you don't miss out on any important news.

**V22: Wanneer vind die Ingenieurswese Winterweek 2022 plaas?**

- Die Ingenieurswese Winterweek vind plaas vanaf 26 Junie tot 1 Julie 2022 en jy kan addisionele inligting verkry deur op HIERDIE skakel te klik (of deur jou navraag na winterweek@sun.ac.za te stuur). "Like" asseblief ons sosialemedia-platforms op www.eng.sun.ac.za om te verseker dat jy geen belangrike nuus misloop nie.

---